

22.6 RAPPORT 4: DEPUTATE LITURGIESE SAKE – VOLTOOIING EN PUBLISERING VAN LIEDBOEKE IN VERSKILLENDE TALE (Art 194)

- A. Ds JL van der Schyff lewer die Rapport.
- B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

- 1.1 *Opdrag: Acta 2012:411, 2.1-2.3 en 2.8:*
 - 1.1.1 Om 'n Gereformeerde Kerk liedboek vir die Sotho-sprekende kerke te publiseer, bestaande uit goedgekeurde liedere van die *Lifela tsa Sione* en nuwe Sotho Psalms gekomponeer met Afrika musiek, met die doel om die 150 Psalms te voltooi.
 - 1.1.2 Om 'n Gereformeerde liedboek vir die Tshivenda-sprekende kerke te publiseer, bestaande uit goedgekeurde Lutherse liedere en gekomponeerde Gereformeerde liedere asook nuwe Venda Psalms gekomponeer met Afrika musiek, met die doel om die 150 Psalms te voltooi.
 - 1.1.3 Om die isiZulu-sprekende kerke te versoek om betrokke te wees by die publisering van die hersiene uitgawe van die *iMbongi* as 'n Gereformeerde Kerk liedboek vir die isiZulu-sprekende kerke.
 - 1.1.4 Om alle goedgekeurde liedere op die GKSA webblad te plaas.
- 1.2 Daar is in 2012 'n gesamentlike vergadering van al die subgroepe gehou waartydens die opdragte van die Deputate behandel is en elkeen van die onderskeie subgroepe beplanning van hulle werksaamhede gedoen het.
- 1.3 Weens 'n verskeidenheid van redes was daar nie 'n realistiese kans om die opdragte in een termyn af te handel nie. Die proses is nog aan die gang en gaan 'n geruime tyd duur.

Besluit: Punte 1.1. tot 1.3 kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode besluit

- 2.1 Dat die opdragte wat deur Sinode 2012 aan die Deputate gegee is (Acta 2012:411, 2.1-2.3 en 2.8) gekontinueer word.
- 2.2 Dat Deputate vir elk van die verskillende taalgroepe aangewys word om die werk voortspruitend uit bogenoemde opdragte te voltooi.
- 2.3 Dat twee lede van die huidige subgroep Afrikaanse liedere vanweë hulle kennis en ervaring as adviseurs vir die Deputate van elk van die verskillende taalgroepe aangewys sal word.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.3 goedgekeur.